# 22 Junie 2023 - Lesing 55 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd

*Bertha Dudde deur die Innerlike Woord*

**“Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde.” –** 2/2/58

**NO: 7031** “Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde.” Hierdie woorde kon Ek tereg sê toe Ek op aarde geleef het, want dit was My Vader **wat in My was en wat My hierdie mag gegee het**; met Wie Ek Een geword het en Wie My daarom heeltemal vervul het, sodat Hyself in My en deur My kon werk.

**En hierdie mag het Ek ook na My aardse lewe behou**, want slegs My aardse omhulsel was vir My Hemelvaart iets menslik; alles wat daarin geberg was, was **Elohim, Wie Homself in JaHshua Messias vir alle wesens sigbaar gemaak het**. En dus het die mens Jesus wel die woorde gespreek: “Aan My is alle mag gegee.” - maar **die Godheid in hierdie mens** beskik Self oor die mag.

Sodoende kon Ek Myself dus omskryf as Die Een wat alle mag het in die Hemel en op aarde, omdat daar **geen skeiding** was tussen My, die ewige Gees van die Skepper en Hom, Wie My in Homself opgeneem het nie.

En hierdie mag sal Ek ook aan geen ander wese buite Myself oordra nie, want dit behoort tot My Oerwese wat in Sigself **Liefde, Wysheid en Almag** is. Wie dit begryp, weet ook dus dat slegs My Wil regeer. Dat daar dus slegs wesens met volmag kan wees wat volgens My Wil handel of wesens wat hulself teen My Wil verset. **Dat eersgenoemdes dus saam met My regeer, terwyl laasgenoemdes regeer moet word.**

Ofskoon My Wil en My mag egter in ewigheid nie sal verminder nie, sal Ek dit tog nie altyd gebruik nie, want Ek laat soms ook die wat My nog vyandig is, hul gang gaan. - **maar steeds tot ‘n bepaalde grens**, om duidelik te maak Wie se mag onbegrens is.

Slegs My mag waarborg sowel die bestaan as die vooruitgang en die moontlikheid om volmaak te word, terwyl dit wat vyandig werksaam is en nie op die regte tyd beëindig word nie, ‘n totale vernietiging sou beteken.

Aan My is die mag dus gegee. Dit moet vir julle mense ‘n aanwysing wees tot Wie julle julself moet wend, Wie julle alles kan gee, aan Wie julle julself moet toevertrou as julle ‘n magtige Behoeder en Beskermer nodig het. Nie die “vêraf” God sal julle hierdie hulp gee nie, **maar slegs Hy, wat as Goddelike Verlosser JaHshua Messias die volle mag het**, - omdat in Hom die Ewige Godheid, die Gees van die Oneindigheid beliggaam is en omdat julle eers met Elohim in verbinding tree deur JaHshua Messias. Eers wanneer julle Myself erken, **as julle My in JaHshua Messias aanroep**, omdat daar buiten JaHshua Messias geen Elohim is wat magtiger sou wees as Hy nie.

En so is Ek ook maar Een wat in die hele heelal regeer en **aan Wie alle skeppings onderworpe** is en in Wie se opdrag ontelbare wesens hierdie skeppings versorg en wat alles tot stand bring volgens Sy ewige heilsplan. **Van Myself ontvang** hulle My aanwysings, deur Myself is hulle uitgerus met die nodige krag vir hulle opdrag en deur Myself word alles so gelei dat dit ooreenkom met My Liefde en Wysheid.

En geen wese aan wie die onderhoud en versorging van baie skeppings opgedra is, sal homself teen My Wil kan verset nie. My Wil deurstroom hulle, omdat hulle volmaakte wesens is, wat deur My Wil deurgloei word, deur My Wysheid deurstraal word en met My Krag vervul is - en daarom steeds alleen uitvoerders van My Wil is.

Waar My Wil homself egter tydelik terugtrek, daar kom onrype wesens wat nog van My afkerig is, tevoorskyn en werk My wel teë. - **maar hulle bly tog altyd onder My beheer,** sodat ook hulle deur My Wil bedwing word wanneer Ek dit nodig ag. Want slegs Een regeer in die Hemel en op aarde, aan Een staan alle mag ter beskikking, voor Hom moet alle wesens van lig en duisternis hulself buig, want My mag is onbegrens en dit sal so bly tot in alle ewigheid. Amein.